NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK
alkmaar
'n Gemeente wat omgee

Bulletin
6 Junie 2021

MOENIE VOLGORDE MET RANGORDE VERWAR, WANNEER LIEFDE TER SPRAKE IS NIE

Die Nuwe Testament verskaf nie 'n lys van wie ons moet liefhê en wie ons mag haat nie. Dit is net mooi andersom. Ons moet almal liefhê: gelowiges en nie-gelowiges, familie en nie-familie, jonk en oud, oulik en minder oulik, vriend en vyand. Maklik? Nee! Maar dit is nooit die vraag in die Bybel nie. Al vraag is of ons dit doen. Ons het nie 'n keuse watter mense meer of minder waarde vir ons het, wanneer dit oor ons geloof gaan nie. 1 Johannes 3 sê ons is leuenaars as ons sê ons het God lief, maar ons voel 'n veer vir ander mense. Nee, dit beteken nie ons kan of moet alles vir almal probeer wees nie. Ons kan in elk geval dit nie regkry nie, want ons elkeen het net een lewe.

In Galasiërs 6 help Paulus ons prakties met hoe ons moet liefhê, as hy sê ons moet goed doen aan alle mense, maar dit begin heel eerste by medegelowiges. Ons moet egter nie hierdie volgorde van goeddoen en omgee verwar met rangorde, asof daar minder en meer belangrike maniere van naasteliefde is nie. Ons is liefde aan álmal verskuldig. So leer Romeine 13 en vele ander tekste in die Bybel. Huisgenote van die geloof is eerste op ons radar. Nogtans, as ons vyande dors is, dan gee ons ook vir hulle 'n beker water, soos wat ons lees in Romeine 12. Ons leef en doen die Here se liefde. Ons doen dit bepland en onbepland. Terloops, doen jy dit? Leef jy in die liefde van God?

Stephan Joubert (www.ekerk.org)

VANDAG 6 JUNIE

- Biddag vir die Ekologie
- Erediens: Alk: 09h00, Kinderkerk; Ngd: 18h00

SONDAG 13 JUNIE

- Biddag vir Jeug & Kategese
- Erediens: Alk: 09h00; Ngd: 18h00

DEUROFFERS IN JUNIE: Omgeefonds

Bydraes kan in die kissies, gemerk "Omgeefonds (Barmhartigheid)" gegee word, of 'n elektroniese betaling kan gedoen word. Daar is ook 'n trollie by die inligtingshoek vir blikkieskos en nie-bederfbare produkte.

ELANDSHOEK KLEUTERSKOOL

Phethile, ons evangelis benodig komberse en mieliemeel vir die voedingsprojek by hulle kleuterskool. Skenkings kan ook in die trollie by die inligtingshoek gesit word.

KWARTAALTEMA: Die Heilige Gees wil..

6 Junie	die vervulling met die Heilige Gees
13 Junie	die Heilige Gees as bron van hoop
20 Junie	die vrug van die Heilige Gees
27 Junie	Jesusliefde wat deur die Heilige Gees in ons harte uitgestort is.

VERJAARSDAE

6e Natashia Cronjé SCHAG, Elsa Steyn SCHAG
8e Susan Nel NST, Grietha Pienaar ALK, Retha Smit NST, Pieter van der Merwe SCHAG
9e Wanda van Brakel SCHAG, Louwtjie Viljoen ALK
10e Adriaan Smit NST
11e Linda Nel NGD
12e Schalk le Roux NGD

Ons Gemeente se Bankbesonderhede:

ABSA - NG Kerk Alkmaar - Tjekrek. 1070580035
Takkode 334-252; Internet-takkode 632005
Verwysing op inbetalings: **DO** vir dankoffers, **10de** vir tiendemaand (Okt), **GO** vir geloofsoffers (sending/evangelisasie) + u **naam**. SnapScan:

Kontak ons gerus:

Leraar: Johannes vd Merwe 074 142 3456; ephesians321@me.com
Kerkkantoor: Gladys Grobler 082 261 0371; ngkerk@alkmaar.co.za
Fasiliteitebeampte/Koster: Alk: Johan Delport 083 785 6117
Koster: Ngd: Madelein Venter 083 607 0728
Sendeling: Koos Kriel 084 500 1082; kooskriel40@gmail.com

Inligting op webblad:

Besoek gerus ons gemeente webwerf: www.alkmaar.co.za vir o.a. die nuutste bulletin, nuusbrief, inligting, kwartaaltema, asook skakels na oordenkings en preke, ens. Kry ons ook op Facebook.

Eredienste:

U is welkom om die oggenddiens om 09h00 te Alkmaar by te woon en die aanddiens om 18h00 te Ngodwana. Die nodige protokol word gevolg met o.a. maskers dra, distansiëring, handsanitasie, temperatuur neem en 'n teenwoordigheidsregister voltooi.

Kinderkerk ~ vanaf 3 jaar tot Gr 2:

Tydens die oggenddiens in die saal soos aangedui op die bulletin en op kerkkalender as kinderkerk.

Vergaderings:

Ma. 7 Junie 19h15 Kerkraad (zoom)

Kerkbode:

Lees Kerkbode op jou tablet, rekenaar en/of slimfoon.
Besoek www.kerkbode.co.za